

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

# IMPAKVERSLAG OOR FILANTROPIE EN INTERNASIONALISERINGS-AKTIWITEITE BY DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

**(2015–2021)**


**Verslag saamgestel deur:**

Prof Hester C. Klopper
Mnr Mohamed Shaikh
Me Karen Bruns
Dr Wayne Muller

**Ekonomiese impakontleding deur:**

Prof Johann Kirsten en me Helanya Fourie,
Buro vir Ekonomiese Navorsing, Universiteit Stellenbosch


Julie 2021

FORWARD
TOGETHER

SAAM
VORENTOE

MASIYE
PHAMBILI

# INHOUDSOPGAWE

**Inleiding** ........ **1**

**Fondswerwing** ........ **1**

Filantropiese fondswerwing ........ 2

Alumnibetrekkinge ........ 6

**Bevordering van die US se internasionaliseringstrategie** ........ **8**

Uitbreiding van die US se netwerk van vennote ........ 8

Verhoging van die US se internasionale profiel deur lidmaatskap aan internasionale netwerke en konsortia ........ 11

Verkenning van nuwe wêreldwye kennismarkte om studente-mobiliteit te ondersteun ........ 11

**Opbrengs op belegging** ........ **14**

**Slotsom** ........ **16**

**Bronnelys** ........ **17**

# INLEIDING

Universiteite wêreldwyd staar ernstige uitdagings vir volhoubaarheid in die gesig. Die finansiële volhoubaarheid van dié instellings word tipies deur drie inkomstestrome gehandhaaf, naamlik ’n staatsubsidie, studentegelde en navorsingsinkomste. Dit is egter duidelik dat filantropiese, maatskaplike verantwoordelikheid- en korporatiewe bydraes, asook erflatings, ewe belangrik geword het. Die meeste toonaangewende universiteite, waaronder Harvard, Oxford, Cambridge en Columbia, stel doelwitte vir fondswerwing as deel van hulle volgehoue kapitaalveldtog. Om skenking moontlik te maak is dit van kardinale belang om verhoudinge te bou. Dit is grotendeels die verantwoordelikheid van die Rektor en Visekanselier, as die hoof-fondsinsamelaar van die Universiteit, om verhoudinge met verskillende donateurs, stigtings, korporasies en alumni te bou.

Prof Wim de Villiers het op 1 April 2015 sy termyn as Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch (US) begin. Hy het as deel van sy visie twee areas vir groei beklemtoon, naamlik internasionalisering en die uitbreiding van die Universiteit se beleggingsportefeulje deur fondswerwing. Die ontwikkeling van internasionalisering bou en versterk die reputasie van die instelling, terwyl investering dit moontlik maak om beter toegang tot hoër onderwys te bied en studente wat finansiële hulp nodig het, te ondersteun. Om hierdie twee areas uit te brei, het prof De Villiers as deel van sy visie die portefeulje Strategie en Internasionalisering ingestel en die Afdeling vir Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge versterk.

Die doel van hierdie impakverslag is om ’n uiteensetting te gee van hoe hierdie twee areas tussen 2015 en 2021 gegroei het.

# FONDSWERWING

As hoof-ambassadeur en hoof-fondswerwer speel die Rektor en Visekanselier van die US ’n deurslaggewende rol om die Universiteit se posisie onder die geledere van toonaangewende universiteite wêreldwyd te verhoog, en om die finansiële volhoubaarheid van die instelling te versterk. Dit vereis uiteraard van prof De Villiers om baie te reis – in die binneland, die streek en die buiteland. Maar dit is nie eie aan die US nie, en dit sal interessant wees om vergelykende studies te sien oor ander Suid-Afrikaanse universiteite se reise vir die Visekanselier en die fondse wat ingesamel word. Bruns (in *Mail & Guardian*, 23 Julie 2021) verwys na ’n 2012-studie in die VSA wat aangedui het dat hoofde van universiteite gemiddeld 3.85 dae per maand aan reis en fondswerwing weg van die kampus bestee, en soveel as 20 dae per maand as die tyd dit toelaat. Die skrywer noem ook dat fondswerwing een van die veeleisendste en sigbaarste rolle van universiteitsleiers is, en dat daar van hulle verwag word om heelwat tyd aan die insameling van private fondse te bestee.

Prof De Villiers se reisprogramme het ten doel om drie kern- institusionele doelwitte te ondersteun:

- Om institusionele hulpbronne deur middel van filantropiese fondswerwing aan te vul
- Om alumnibetrekkinge te versterk om in die toekoms investering in die Universiteit te verseker

- Om die US se internasionale reputasie en posisie deur uitgebreide vennootskappe met toonaangewende, navorsingsintensiewe universiteite te bevorder en die US op wêreldwye netwerkvergaderings te verteenwoordig


Hierdie dokument gee 'n uiteensetting van die hoofaktiwiteite met betrekking tot die voorgemelde institusionele doelwitte sedert die aanstelling van prof De Villiers as Rektor en Visekanselier van die US, asook 'n ontleding van die Universiteit se opbrengs op belegging in verhouding tot die reis- en verwante uitgawes wat aangegaan is.

## Filantropiese fondswerwing


Die doel van filantropiese fondswerwing is om in die lig van krimpende staatsfinansiering die toekomstige finansiële volhoubaarheid van die US te verseker. As die hoof-fondswerwer van die US is die Rektor en Visekanselier nou betrokke by die aktiwiteite van die Afdeling Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge wat direk aan hom verslag doen. Hierdie afdeling samel wêreldwyd fondse in om die Universiteit se belangrikste projekte te ondersteun en is voortdurend in verbinding met alumni om die verhouding met hulle *alma mater* te bevorder. Die afdeling fokus hoofsaaklik op die ontwikkeling van vennootskappe en 'vriend-insameling' vir die Universiteit in die binnelandse en buitelandse korporatiewe sektor, onder plaaslike en internasionale stigtings en trusts, oor die volle spektrum van US-alumni, en onder strategies geposisioneerde individue.

Prof De Villiers se toegewyde betrokkenheid by die afdeling se skakeling met 'n wye spektrum van die Universiteit se belanghebbendes het daartoe gelei dat die afdeling gedurende die tydperk 2015–2021 meer as **R1.7 miljard in filantropiese donasies** kon insamel (van internasionale en nasionale stigtings, trusts, korporatiewe maatskappye, private donateurs en bemakings). Van die R1.7 miljard, is R402 miljoen deur individuele donateurs (dus, *nie* maatskappye, stigtings, trusts, ens. nie) geskenk, en hiervan is 89.6% van alumni van die US afkomstig. Vergeleke hiermee, is daar tussen 2000 en 2014 altesaam R157 miljoen deur individuele donateurs geskenk. Dit beteken dat die US oor die afgelope ses jaar (2015–2021) meer as dubbel hierdie bedrag in skenkings van individuele donateurs ontvang het as in die vorige 15 jaar. Hierdie skenkings is aangewend vir 'n verskeidenheid inisiatiewe, waaronder navorsingsleerstoele en beurse.


Figuur 1 tot 6 hieronder gee 'n uiteensetting van die geldwaarde van die filantropiese donasies gedurende prof De Villiers se ampstermyn (2015 tot hede), die aantal donateurs, die donateurs per sektor, internasionale donateurs as 'n deel van die totale aantal donateurs, die gemiddelde donasie per donateur, en hoe die US sy donateursfondse bestee.





**Figuur 1:** Totale filantropiese donasies (2015–2021)





**Figuur 2:** Totale aantal donateurs (2015–2021)





**Figuur 3:** Donasies per sektor (2015–2021)




**Figuur 4:** Internasionale donateurs as 'n deel van die totale aantal donateurs (2015–2021)





**Figuur 5:** Gemiddelde donasie per donateur (2015–2021)




**Figuur 6:** Besteding van donateursfondse

Hoewel die US ’n lojale groep donateurs opgebou het wat ruim tot die Universiteit se belangrikste projekte en beursfondse vir behoeftige studente bydra, word skenkeruitputting toenemend geïdentifiseer en dit het die afdeling genoodsaak om ook na ander bronne vir fondswerwing te kyk. Kort ná prof De Villiers se aanstelling het die afdeling se eenheid vir fondswerwing aktief begin om fondse vir addisionele beursinkomste in te samel deur bydraes van korporatiewe maatskappye wat poog om breë-basis swart ekonomiese bemagtiging (B-BSEB) te bevorder. Die grafiek hieronder is ’n aanduiding van die tendens in hierdie verband.





**Grafiek 1:** B-BSEB-inkomste vir beurse


## Alumnibetrekkinge

Die Kantoor vir Alumnibetrekkinge binne die Afdeling vir Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge glo dat 'n universiteit se sukses grootliks afhang van die deelname van sy alumni, and streef dus daarna om die US se alumni by hulle *alma mater* betrokke te hou, lank nadat die euforie van die verwerwing van hulle kwalifikasie vervaag het. Prof De Villiers het daartoe bygedra dat die aantal nasionale en internasionale alumni-nawe en nuwe streekstakke (wat deur vrywillige komitees uit die streke bestuur word) van 12 na 24 gestyg het. Dit het 'n beduidende impak gehad op die aantal alumni met wie die Universiteit jaarliks direk kan skakel om te verseker dat die US se alumni-donateursbasis effektief tot die toekomstige volhoubaarheid van die Universiteit verbind is.

Die grafieke hieronder (Figuur 7 en 8) toon die toename in die aantal alumni-nawe en die aantal alumni waarmee die Rektor en Visekanselier by verskillende geleenthede geskakel het.



**Figuur 7:** Aantal alumni-nawe




**Figuur 8:** Aantal alumni waarmee daar geskakel is

Die nasionale inperking as gevolg van die COVID-19-pandemie het in Maart 2020 begin, voordat die reisplan vir daardie jaar geïmplementeer kon word, en alle in-persoon alumni-gebeure en in-persoon geleenthede vir prof De Villiers om met alumni, donateurs en vriende van die US in gesprek te tree, is gevolglik in ooreenstemming met die US se voorskrifte gekanselleer. Aangesien die COVID-19-regulasies steeds beperkend is, was enige in-persoon aktiwiteite deur prof De Villiers in die eerste helfte van 2021 streng ingeperk, insluitend geleenthede vir ander om met hom te vergader en vir hom om persoonlik met alumni, donateurs en vriende van die US te skakel.

’n Belangrike fondswerwingsprojek wat donasies deur alumni op alle vlakke van die samelewing en in alle dele van die wêreld aanmoedig en deur prof De Villiers aangedryf word, is die **Move4Food-veldtog** wat daarop gemik is om voedselsekerheid vir US-studente te verseker. Voedselonsekerheid by Suid-Afrikaanse universiteite blyk min aandag te ontvang, gegewe die onakkurate opvatting dat diegene wat op universiteit is, bevoorreg is en dat daar in hulle basiese behoeftes voorsien word. Die droewige waarheid is dat ’n gebrek aan toegang tot bekostigbare en voedsame kos ’n algemene verskynsel op Suid-Afrikaanse kampusse is, en die US is geen uitsondering nie.

Voedselonsekerheid behels baie meer as om ’n maaltyd oor te slaan; dit behels ’n magdom faktore wat ondervoeding, vetsug en die gebrek aan ’n afwisselende dieet insluit. As ons studente honger is, beïnvloed dit hulle vermoë om hul beste te lewer, dit onderbreek hulle konsentrasie en lei hulle energie weg van hulle studies en na die vraag oor waar hulle volgende maaltyd vandaan sal kom. ’n Aansienlike gedeelte van die US se studentegemeenskap het ’n baie hoë sosio-ekonomiese nadeel en loop die risiko van herhaalde voedselonsekerheid. Selfs al ontvang ’n student ’n beurs, dek dit in sekere gevalle slegs die studiegelde en verblyfkoste, wat beteken dat studente minimale geld het vir noodsaaklikhede waarmee hulle familie hulle eenvoudig nie kan help nie.

Die resultate van ’n nasionale studie deur die Raad vir Geesteswetenskappe (RGN) (gepubliseer in Junie 2021) oor die impak van COVID-19 op studente in die naskoolse onderwys-en-opleidingsektor toon dat 41% van die studente wat aan die studie deelgeneem het, gedurende die tydperk van inperking nie hulle eie kos kon koop nie – 10% van hulle het op kosskenkings

staatgemaak en 15% het sommige dae honger gely. Om hierdie probleem aan te pak, het die Rektor en Visekanselier deur sy persoonlike deelname aan die Londen-na-Brighton-fietstoer, die Kaapstad-fietstoer en die Kaapstad-maraton gehelp om fondse vir hierdie Move4Food-inisiatief in te samel. Prof De Villiers het R176 700 vir Move4Food ingesamel met sy deelname aan die 2020 Kaapstad-fietstoer (R17 140) en die 2019 Kaapstad-maraton (R159 560). Hierbenewens het hy £4 264 (ongeveer R86 700) met sy deelname aan die Londen-na-Brighton-fietstoer ingesamel, asook R14 200 met sy 60ste verjaardag-versoek in 2019. Te danke aan hierdie en ander pogings deur die afdeling, in oorleg met die studenteleierskapstrukture, is meer as **R1.4 miljoen** vir Move4Food ingesamel.

# BEVORDERING VAN DIE US SE INTERNASIONALISERINGSTRATEGIE


Die US se internasionaliseringstrategie is gemik op die verwesenliking van die Universiteit se visie om wêreldwyd 'n toonaangewende, navorsingsintensiewe instelling te wees, en om sodoende ook sy posisie op die voorste wêreldranglyste te bevorder. Dit verg doelgerigte langtermynbeplanning en investering in akademiese en navorsingsaktiwiteite wat 'n wêreldwye impak maak. Die US se internasionaliseringstrategie voorsien die raamwerk om 'n internasionale dimensie in alle relevante institusionele prosesse op te neem. Dit verleen ook meer fokus aan die bestaande reeks internasionaliseringsaktiwiteite by die US, en rig ook hoe die Universiteit nuwe en ontluikende geleenthede benut. Die fokus is op (1) die uitbreiding van sy netwerk vennootskappe en ooreenkomste met toonaangewende, navorsingsgerigte hoëronderwysinstellings wêreldwyd; (2) die verhoging van sy internasionale profiel deur lidmaatskap aan internasionale netwerke en konsortia; en (3) die verkenning van nuwe, wêreldwye kennismarkte deur verskillende akademiese programme om geleenthede vir inkomende en uitgaande studentmobiliteit te skep.

Die Rektor en Visekanselier voorsien sterk strategiese leierskap en werk nou saam met die Viserektor: Strategie en Internasionalisering. Prof De Villiers speel 'n aktiewe rol deur internasionale vennote te besoek, konferensies van hoëronderwysinstellings in die buiteland by te woon, en aan vergaderings en konferensies van verskillende internasionale netwerke en konsortia deel te neem. Die fokus is deurgaans om verhoudinge te bou en ooreenkomste aan te gaan wat waarde tot die US sal toevoeg, om die Universiteit se agenda vir internasionalisering te versterk en om deur middel van mobiliteit of gesamentlike navorsingsprojekte geleenthede vir ons personeel en studente te skep.


## Uitbreiding van die US se netwerk van vennote

Daar was sedert prof De Villiers se aanstelling 'n toename in die aantal vennootskappe op institusionele, fakulteits- en departementele vlak. Hierdie toename kan gesien word in Europa, Asië en die Amerikas, maar veral in Afrika, waar die US daarop fokus om sy voetspoor in

ooreenstemming met sy Visie 2040 uit te brei (om die voorste navorsingsintensiewe instelling *op die Afrika-vasteland* te wees). Die infografika hieronder (Figuur 9 tot 11) dui die toename in verskillende gebiede aan.




**Figuur 9:** Toename in internasionale vennootskappe




**Figuur 10:** Aantal vennootskappe per streek




**Figuur 11:** Bilaterale institusionele en fakulteitsooreenkomste in Afrika

Dit hou direk verband met die internasionale navorsing wat by die US gedoen word. Ondanks ekonomiese druk en 'n merkbare afname in NNS-navorsingsbefondsing, het die US se inkomste uit navorsingskontrakte (sowel nasionaal as internasionaal) stabiel gebly. Die tabel hieronder (Tabel 1) toon die inkomste uit navorsingskontrakte vanaf 2015 tot 2020.

| Jaar | Navorsingskontrakte (NNS uitgesluit) | Nasionale Navorsingstigting (NNS) |
|---|---|---|
| **2015** | R637.2m | R224.1m |
| **2016** | R1.78bn | R367m |
| **2017** | R885.8m | R364.2m |
| **2018** | R783.2m | R235.2m |
| **2019** | R806.03m (waarvan internasionaal: R429.4m; nasionaal: R376.63m) | R209.92m |
| **2020** | R828.77m (waarvan internasionaal: R454.8m; nasionaal: R344.52m) | R164.324m |

**Tabel 1:** Navorsingskontrakte en inkomste van Nasionale Navorsingstigting (2015–2020)


## Verhoging van die US se internasionale profiel deur lidmaatskap aan internasionale netwerke en konsortia

Prof De Villiers is sedert sy aanstelling aktief betrokke by hoëronderwysinstellings in Afrika en verder, soos die Association of Commonwealth Universities (ACU) waarvan hy ’n raadslid is, en die Association of African Universities (AAU). Hierbenewens is hy ’n raadslid van die African Research Universities Alliance (ARUA) en het ’n groot rol daarin gespeel dat die ARUA Centre of Excellence for Sustainable Energy aan die US toegeken is. Die US het hom sedert 2019 aangesluit by die geledere van die Global Alliance of Universities on Climate (GAUC) en die konsortia van Venice International University (VIU), en is nou ’n volwaardige lid van die Global Universities Leadership Forum (GULF), wat jaarliks vergader as deel van die liggaam van denkleierskap oor hoër onderwys by die Wêreld Ekonomiese Forum (WEF) in Davos, Switserland.


Die US het deur prof De Villiers se verbintenis tot wedersyds voordelige internasionalisering ook ’n lid geword van die European University Alliance EUTOPIA wat voortspruit uit die US se vennootskap met die Universiteit van Gotenburg, die South Africa Sweden Universities Forum (SASUF), en daar word tans gefokus op spesifieke programme met die volgende instellings om internasionale vennootskappe uit te brei: Universiteit van Leipzig, Hamburg Universiteit, Universiteit van Groningen, VU Amsterdam, Northwestern University (Chicago) en KU Leuven.

## Verkenning van nuwe wêreldwye kennismarkte om studente-mobiliteit te ondersteun


Die US skep deur verskillende akademiese programme geleenthede vir inkomende en uitgaande studente-mobiliteit. Die Rektor en Visekanselier se skakeling met potensiële en huidige vennote is daarop gemik om die US te bekragtig as ’n betroubare kennisvennoot en ’n veilige, gehaltebestemming vir uitruilstudente en studente wat in die buiteland studeer. Die grafieke hieronder (Figuur 12 tot 15) is ’n uiteensetting van die statistiek oor nie-SA studente-inskrywing by die US, met ’n afname sedert 2020 weens die COVID-19-pandemie.





**Figuur 12:** Totale nie-SA studente-inskrywing




**Figuur 13:** SAOG nie-SA studente-inskrywing




**Figuur 14:** Nie-SA studente-inskrywing (ander Afrika)




**Figuur 15:** Nie-SA studente-inskrywing (res van die wêreld)

Studente-mobiliteit genereer inkomste op twee maniere: internasionale registrasiegelde en inkomste vir reisbeurse (word gebruik om uitgaande studente-mobiliteit te befonds, sonder om druk op die US se hoofbegroting te plaas). Tabel 2 hieronder toon die toename in gegenereerde inkomste, met 'n afname sedert 2020 as gevolg van die COVID-19-pandemie.

| Jaar | Internasionale registrasiegelde | Inkomste vir reisbeurse |
|---|---|---|
| 2015 | R8.9 miljoen | R5.9 miljoen |
| 2016 | R10.9 miljoen | R8.6 miljoen |
| 2017 | R12.5 miljoen | R9.8 miljoen |
| 2018 | R13.1 miljoen | R8 miljoen |
| 2019 | R13.1 miljoen | R7.6 miljoen |
| 2020 | R10.3 miljoen | R6.6 miljoen |
| 2021 (Junie) | R11.8 miljoen | R4 miljoen |


**Tabel 2:** Inkomste deur internasionale studente gegenereer

Die sukses van pogings om geleenthede vir studentmobiliteit te verhoog, blyk onder meer uit die aantal gesamentlike doktorsgrade en dubbele meestersgrade wat die afgelope jaar deur die US en internasionale vennote ontwikkel en aangebied is. In hierdie verband is die US tans die voorloper onder Suid-Afrikaanse universiteite, met **41 gesamentlike PhD's en 63 dubbele meestersgrade** wat sedert 2016 toegeken is. Hierdie grade het 'n groot bydrae gelewer tot die US se wêreldreputasie deur die behoud van PhD-studente en die toevoeging van 'n betekenisvolle internasionale komponent wat in die sertifisering van hierdie grade formeel erken word.

## OPBRENGS OP BELEGGING

Soos aangedui in die inleiding van hierdie dokument, word daar van die Rektor en Visekanselier verwag om gereeld na die buiteland te reis om sy mandaat as hoof-fondswerwer in filantropiese fondswerwing, alumnibetrekkinge en die bevordering van die US se internasionaliseringstrategie na te kom. Hy verteenwoordig die US in die ontwikkeling van vennootskappe, op verskillende netwerke en konsortia, en ter ondersteuning van nuwe internasionale akademiese markte vir studente-mobiliteit. Die US se koste vir die Rektor en Visekanselier se internasionale reise en ander verwante uitgawes kan dus opgeweeg word teen die meetbare inkomste wat deur sy verteenwoordiging van die US geskep word. Voorts dui 'n nasionale Inyathelo-studie oor normstelling aan dat die US se besteding op fondswerwing hoogstens 11c is vir elke Rand wat ingesamel word. Hoewel dit moeiliker is om aspekte soos die ontwikkeling van vennootskappe, akademiese mobiliteit en die bevordering van reputasie deur die US se lidmaatskap van netwerke en konsortia uit 'n geldelike oogpunt te kwantifiseer (alhoewel dit 'n inkomste genereer), kan die inkomste wat uit filantropiese fondswerwing verdien word, simplisties gebruik word om die opbrengs op belegging ten opsigte van reis en verwante koste te bereken. Tussen 2015 en 2020 het die internasionale reis- en verwante koste vir die Rektor en Visekanselier 'n bedrag van

R6.17 miljoen beloop. In dieselfde tydperk, as 2015 (R219.04m) gebruik word as 'n norm vir die *jaarlikse* waarde van donasies vóór die Rektor en Visekanselier se ampstermyn, was die totale *bykomende* filantropiese donasies wat bo en behalwe hierdie jaarlikse bedrag gegenereer is, gelyk aan **R311.41 miljoen**. Daar was dus 'n **50x opbrengs op belegging** uit die reis- en verwante koste wat die US tussen 2016 en 2020 vir die Rektor en Visekanselier aangegaan het. Die infografika hieronder (Figuur 16 en 17) gee 'n uiteensetting van die opbrengs op belegging.





**Figuur 16:** Opsomming van reiskoste

Opbrengs op belegging

| | Jaarlikse reiskoste | Bykomende filantropiese skenkings relatief tot 215 |
|---|---|---|
| 2015 | R 0.54 miljoen | - |
| 2016 | R 0.90 miljoen | R 150.03 miljoen |
| 2017 | R 1.42 miljoen | R 11.27 miljoen |
| 2018 | R 1.08 miljoen | R 43.37 miljoen |
| 2019 | R 1.95 miljoen | R 17.08 miljoen |
| 2020 | R 0.27 miljoen | R 89.66 miljoen |
| Volle tydperk | R 6.17 miljoen | R 311.41 miljoen |

Die Rektor het sy eerste ampstermyn in April 2015 begin. Om die opbrengs op belegging vanaf 2016 tot 2020 te bereken, trek ons die filantropiese donasies van 2015 (R219.04 miljoen) af van elk van die volgende jare en deel daardie waarde deur die Rektor se jaarlikse reiskoste.

= ***50x opbrengs op belegging*** ***in filantropiese donasies uit die reiskoste wat die Rektor tussen 2015 en 2020 aangegaan het.***




*Die 50x opbrengs op belegging* ***sluit alle nie-geldelike winste uit****, soos die hoër aantal vennootskappe en groei in die aantal nie-SA studente wat vir voorgraadse en PhD-programme ingesluit is.*

**Figuur 17:** Opsomming van opbrengs op belegging

Die US het tussen 2015 en 2021 altesaam R1.7 miljard in filantropiese donasies ingesamel, waarvan 'n driekwart van trusts en stigtings, individue en maatskappye afkomstig was. Meer as 'n derde van die R1.7 miljard word aangewend vir beurse om studente te ondersteun, terwyl die res vir projekte oor onderrig, infrastruktuur, navorsing en sosiale impak aangewend word. Die US se internasionale donateursbasis het sedert 2015 aansienlik gegroei, vanaf 13% van alle donateurs tot 17% van alle donateurs vandag. Neem asseblief kennis dat dit 17% was voordat die impak van die pandemie gevoel is.

## SLOTSOM

Onder die leierskap van prof De Villiers is die US goed op dreef om sy Visie 2040 te bereik, naamlik om die voorste navorsingsintensiewe universiteit op die Afrika-kontinent te wees. Die Universiteit se internasionaliseringstrategie en wêreldwye inisiatiewe vir fondswerwing het sedert 2015 die hoekstene geword van sy ambisie om 'n volhoubare, florerende instelling van hoër onderwys te wees. Dit het selfs te midde van die COVID-19-pandemie die US in staat gestel om sy akademiese en navorsingsprogramme met sukses te lewer, en om die grondslag te lê vir die suksesse waarna die US in die post-COVID-era streef.

Die US sal voortgaan om op verskillende wyses te investeer – om sy filantropiese fondswerwing te verhoog, om alumnibetrekkinge te bou om met hulle tyd, talent en finansies bydraes deur alumni te verhoog, en om die US se internasionaliseringstrategie en -agenda te bevorder. Dit is van kardinale belang vir 'n wêreldwyd-erkende universiteit soos die US, en veral om die US se Visie 2040 te verwesenlik en nie alleen sy posisie op die wêreldrangordes te handhaaf nie, maar ook sy internasionale reputasie as 'n navorsingsintensiewe universiteit wat uitstekend, inklusief en innoverend is en kennis tot diens van die samelewing bevorder.

## BRONNELYS


1. Bruns, K. 2021. "Fundraiser: That's the VC's job description". *Mail & Guardian*, Vrydag 23 Julie 2021, bl. 33.
2. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) *et al.* 2021. "The Social Impact of the COVID-19 pandemic on young people in the Post School Education and Training (PSET) Sector". Junie 2021.
3. Jones, S. 2019. "2018 Annual Survey of Philanthropy in Higher Education". Inyathelo – die Suid-Afrikaanse Instituut vir Bevordering, Kaapstad.
4. US Internasionaliseringstrategie 2019, Universiteit Stellenbosch.
5. Visie 2040 en Strategiese Raamwerk (2019–2024), Universiteit Stellenbosch.